Lees saam: Handelinge 5:17-21, 25, 27-29, 30-33, 40-41

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie Skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Bid saam

Ons bid hierdie week vir ons volgende Generasie:

- Bid dat die gemeente as voorbeelde en mentors optree vir ons volgende generasie.
- Bid dat ons jeug die Woord as Swaard sal ken en gebruik.
- Bid vir toekomstige leiers vir ons land en wêreld wat God eer en Hom eerste stel in alle besluite.

moreleta kerk

Tel op jou swaard

3 November 2024

Ds. PC Pretorius
pc@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

In Handelinge 5 lees ons die verhaal van die apostels wat vervolging beleef vanaf die Joodse leiers. 'n Wonderwerk vind plaas wat hulle beskerm teen teregstelling omdat hulle gehoorsaam was aan hulle groot opdrag: "Gaan verkondig aan die volk die volle boodskap van die Evangelie."

Dié Evangelie het die toets van die tyd deurstaan want mense het aangehou om die boodskap deur oorlewering aan volgende generasies vol te hou.
Tydig en ontydig moet ons mekaar en die volgende generasie toerus met die Woord van God, sodat God se glorie in die generasies wat kom ook verheerlik kan word.

Hoe ernstig is ons as kerk oor die oorlewering van die Evangelie na die volgende generasie?

Gesels saam

Vanuit Handelinge 5 leer ons waardevolle lesse oor hoe die apostels te midde moeilike omstandighede die evangelie aan die mense verkondig het.

- Gesels in die kring oor die plekke in ons konteks waar die suiwer Woord van God oorgedra en geleer word aan die volgende generasie?
- Wat sal die gevolge wees as ons nie intensioneel is oor om ons volgnde generasie toe te rus nie?

Doen saam

Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)

Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____